**Dinsdag 27 Augustus**

| Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:1-8 | Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:7, 8 |
|---|---|

**Volhard – deur Christus voor oë te hou!**

Vanuit die gevangenis in Rome gaan Paulus voort om sy geliefde kollega aan te spoor om te midde van toenemende dwaalleer te volhard in die suiwere verkondiging van die Woord.

Hy gebruik homself dan as voorbeeld van iemand wat volhard het tot die einde toe. Paulus sê: "Die tyd van my dood (heengaan) is voor die deur." Hierdie Griekse woord (heengaan) het verskeie betekenisse: Dit was gebruik om die aksie te beskryf om 'n dier los te maak van 'n juk of wa. Sy werk vir die dag was afgehandel en hy kon gaan rus. Die losmaak van 'n tent se toue wanneer dit opgeslaan word, is ook daardeur beskryf. So ook as 'n skip se ankertoue losgemaak is. Die dood vir 'n Christen is die einde van jare se harde werk om in die geloof enduit vol te hou, sy ankertoue los te maak en nou te gaan rus in sy ewige woning by God. Wat 'n troos, wat 'n vooruitsig vir ons almal!

Paulus kon enduit volhard in die geloof, want hy het vasgehou aan die woorde van Christus, soos dit aan Johannes gegee is: *"Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee"* (Op. 2:10).

Hou Christus voor oë, met sy krag is ons tot alles in staat. Gedryf deur die Heilige Gees kan ons hierdie wedloop aanhou hardloop en die kroon van geregtigheid word vir ons weggebêre in die hemel. In 2 Korintiërs lees ons dat die waarborg hiervan die Heilige Gees self is.

Kom ons hou aan om die stryd te stry om einduit in die geloof te volhard. Hou aan hardloop, hou aan glo, want Christus is op pad. Hy het reeds die wenstreep oorgesteek en wag vir elkeen van ons wat glo, met 'n oorwinnaarskroon. Die kroon van die lewe.

*Sing: Psalm 9-1:1, 7*

*Ds. LP van Jaarsveld (Leon) (Brakpan)*